KONINKRYK LES 46

1	**GEBED**

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem.
Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2	**DEEL** (20 minute) ***[STILTETYE]*** **DANIËL 7, 8, 9 en 12**

Maak beurte en vertel/deel (of lees)kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die aangewese Bybelgedeeltes geleer het (Daniël 7, 8, 9 en 12). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3	**MEMORISERING** (5 minute) ***[SLEUTELVERSE IN ROMEINE]*** **(19) ROMEINE 13:14**

Herhaal twee- twee:
(19) Romeine 13:14. (Letterlik:) Beklee julle met die Here Jesus Christus en maak geen voorsiening vir die vlees (die sondige natuur) nie.

4	**BYBELSTUDIE** (85 minute) ***[DIE BRIEF AAN DIE ROMEINE]*** **ROMEINE 15:1-33**

Inleiding. Romeine 15:1-6 is ’n voortsetting van die vorige hoofstuk: die onderrig oor die verantwoordelikheid van Christene met betrekking tot die menings of geloofsoortuigings van swak en sterk Christene. Romeine 15:7-13 leer die christelike verantwoordelikheid met betrekking tot ander etniese groeperinge. En Romeine 15:14-33 beskryf die bediening, beleid en planne van die apostel Paulus.

STAP 1. LEES. **GOD SE WOORD**
Lees. Ons gaan Romeine 15:1-33 saam bestudeer.
Laat elke groeplid om die beurt één vers uit die Bybelgedeelte voorlees.

STAP 2. ONTDEK. **WAARNEMINGS**
Oorweeg. WATTER WAARHEID IN DIE GEDEELTE IS VIR MY BELANGRIK?
Of: WATTER WAARHEID IN HIERDIE GEDEELTE RAAK MY VERSTAND OF MY HART?
Skryf neer. Ontdek een of twee waarhede in hierdie Bybelgedeelte wat jy begryp. Dink daaroor na en skryf jou gedagtes neer in jou Bybelstudienotaboek.
Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en neer te skryf, laat hulle in die kring beurte kry om te vertel wat hulle ontdek het.
Die volgende is voorbeelde van ontdekkings. Waarskynlik sal die groeplede ander ontdekkings maak as hierdie.

15:1-6

***Ontdekking 1*. Die sterk Christene is verplig om die swakhede van die swakkes te verdra.**

Paulus gaan voort met sy betoog oor die geloof (of die geloofsoortuigings) van swak en sterk Christene in hoofstuk 14. In hierdie verband gaan dit nie oor hul geloof in Jesus Christus wat tot verlossing (redding) lei nie, maar oor hul geloof of geloofsoortuigings oor wat hulle as Christene wel of nie mag doen nie! Hul persoonlike (subjektiewe) geloof bepaal hul persoonlike menings of geloofsoortuigings met betrekking tot die sake wat nie in die Bybel beveel, verbode of onderrig word nie, maar waaroor Christene verskillende menings het. Die feit dat swak Christene gewetensbesware het oor sake wat sterk Christene glo en doen, kan spanning en wrywing in verhoudings veroorsaak. Daarom word die sterk Christene aangespoor om nie te reageer teen die gewetensbesware van swak Christene nie, maar juis om dit te verdra.

(1) Christene moet aan hul naaste dink (letterlik: behaag) en aan wat goed vir hom is en wat hom in die geloof kan opbou.

“Iemand behaag” (Grieks: areskó) beteken bereid wees om op ’n minsame wyse goed te keur wat swak Christene belangrik vind en om sy oortuigings met betrekking tot die kontroversiële sake nie af te keur nie. Maar dit beteken nie dat sterk Christene altyd maar moet toegee aan die wense en kure van swak Christene nie! “Iemand behaag” is nie ’n absolute beginsel in die christelike geloof nie, omdat Galasiërs 1:10 sê, “Klink dit nou asof ek die guns van mense soek

(Grieks: areskó), of soek ek die guns van God? Probeer ek by mense in die guns te kom? As ek nog steeds die guns van mense soek, sou ek geen dienaar van Christus wees nie." Christene mag dus nie 'n ander behaag as dit ten koste gaan van 'n dienaar van Christus te wees! Die verantwoordelikheid "om die swak Christen te behaag" moet beperk bly tot die onderwerp van bespreking in Romeine 14, d.w.s., tot sake soos eet en drink en ander kontroversiële sake. "Iemand behaag" beteken "sy voordeel soek sodat hy gered kan word" (1 Korintiërs 10:31,33).

Die verantwoordelikheid om mense te behaag mag niet uitgebrei word tot die negeer van sake wat duidelik in die Bybel verbied, beveel en onderrig word, maar waarin die swak Christen nog gewetensbesware het. Swak Christene word nie opgebou deur die onderwysinge in die Bybel te oortree of te negeer nie! Juis die waarheid van die gebooie, verbiedings en onderwysings van Jesus Christus maak 'n mens heeltemal vry (Johannes 8:31-32). Die waarheid bou altyd op!

Maar swak Christene word ook opgebou as sterk Christene bereid is om op 'n liefdevolle wyse hul eie gedrag op gebiede van die kontroversiële sake te beperk. Op hierdie manier kan die swak Christene 'n goeie gewete behou (sien 1 Korintiërs 8:12).

(2) Christene moet die voorbeeld van Christus in belangelose liefde navolg.

Toe Jesus Christus by sy eerste koms na die aarde gekom het, het Hy die smaad en vyandskap van mense wat die God van die Bybel verwerp, gedra (sien Johannes 10:20; Matteus 10:24-25). Daarom moet Christene in sy voetspore volg en ook die gewetensbesware op die gebied van die kontroversiële sake van hul mede-Christene verdra.

Maar daar is 'n verskil tussen wat Christus gedoen het en wat sterk Christene vermaan word om te doen. Jesus Christus het homself nie behaag nie selfs tot die maat dat Hy *die smaad en vyandskap van nie-Christene teen God* gedra het. Sterk Christene word alleen aangespoor om *die gewetensbesware op die gebied van kontroversiële sake van hul mede-Christene* te verdra. As Jesus Christus die grootste en moeilikste gedoen het, sou Christene dan nie doen wat kleiner en makliker is nie?

Hierdie voorbeeld van Jesus Christus: "Die beledigings waarmee mense U beledig, het op My neergekom" (Romeine 15:3) word al in die verlede gedurende die Ou-Testamentiese periode geprofeteer: "Ek word beledig en verkleineer" (Psalm 69:8). "So is alles wat vooraf in die Skrif opgeteken is, tog opgeteken om ons te leer" (Romeine 15:4; vgl. Lukas 24:44). Die apostel Paulus spreek oor wat in die Bybel opgeteken is en nie wat mense in die oorlewering sê nie of wat in ander geskrifte opgeteken staan nie!! Hy sê dat die uitdruklike doel van die Bybel is:

- om "ons te waarsku" (1 Korintiërs 10:6,11)
- om ons "te onderwys, te weerlê, te verbeter en op te voed in die geregtigheid (ANV: 'n regte lewenswyse)" (2 Timoteüs 3:16-17)
- om ons "te leer sodat ons deur die standvastigheid (Grieks: hupomoné) en bemoediging (Grieks: paraklésis) wat die Skrif ons gee, vol hoop kan wees (Romeine 15:4).

En Paulus sê dat God self "die bron van alle standvastigheid en bemoediging" is (Romeine 15:5). Let op die nou verband tussen die Woord van God (die Bybel) en God! Die Bybel is die blywende Woord van God en daarom ook die lewende Woord van God. God bemoedig mense deur die Bybel.

15:7-13

***Ontdekking 2*. Jode en nie-Jode in die kerk moet mekaar aanvaar, omdat Jesus Christus gekom het om mense uit beide etniese groepering te verlos.**

Romeine 15:7-8 sê, "Aanvaar mekaar dan, soos Christus julle ook aanvaar het, tot eer van God.... Christus het gekom om in die belang van die Jode (letterlik: die besnydenis) 'n dienaar te word: Hy moes vir hulle die waarheid van God bevestig deur die beloftes wat die voorvaders ontvang het, waar te maak. Hy het ook gekom sodat die ander nasies God oor sy ontferming sou verheerlik." Die fundamentele rede waarom gelowige Jode en gelowige nie-Jode (heidene) mekaar in die Christelike Gemeente moet aanvaar is omdat Jesus Christus met die uitdruklike doel gekom het om sowel Jode as nie-Jode te verlos! En ook omdat die eer en heerlikheid van God op die aarde op die spel staan!

Hierdie onderskeid tussen Jode en nie-Jode beteken nie dat die Jode die swak Christene en die nie-Jode die sterk Christene was nie. Die groepe swak Christene en sterk Christene het uit beide etniese groeperinge gekom. Daar was Jode en proseliete wat gewetensbesware gehad het op grond van hul agtergrond in die seremoniële wet. En daar was nie-Jode wat gewetensbesware gehad het op grond van hul agtergrond in die heidense afgodery. Maar hierdie onderskeid benadruk dat Christene vanuit die Jode en Christene vanuit die nie-Jode mekaar in die één gemeente te Rome moes aanvaar.

(1) Jesus Christus het vir Jode gekom.

Romeine 15:8 sê letterlik dat Jesus Christus "'n Dienaar van die besnydenis geword het", d.w.s., vir mense wat besny was (Romeine 4:12). Dit is 'n verwysing na "Israel volgens die vlees" (ANV: die Joodse volk) (1 Korintiërs 10:18), die etniese Israel of die nasionale volk van Israel. "Jesus Christus het die Dienaar van die Jode geword deur die beloftes wat die voorvaders ontvang het, te bevestig". Dus, Jesus Christus het gekom om die verbond met Abraham, Isak en Jakob wat met 'n eed van God gewaarborg was (Hebreërs 6:16-18) te realiseer.

Die belofte in daardie verbond was dat God alle families (nasies) op die aarde sou seën deur die nakomeling (Hebreeus: saad) van Abraham (Genesis 22:18), naamlik, Jesus Christus (Galasiërs 3:16). En die teken en seël van hierdie verbond gedurende die Ou-Testamentiese periode was die besnydenis (Genesis 17:1-21; Romeine 4:11). God het met 'n eed gesweer dat Hy sy verbondsbelofte sou hou. God se trou kan nie misluk nie! Jesus Christus het gekom om God se trou te bewys en te handhaaf (Matteus 26:54). Daarom het Jesus Christus "eers vir die Jood" gekom (Matteus 10:5-6; Romeine 1:16) ! Daarna het "die verlossing uit die Jode gekom" (Matteus 15:24; Johannes 4:22) en na die nie-Jode in alle nasies van die wêreld versprei (Matteus 24:14; 28:19; sien Jesaja 2:2-3).

(2) Jesus Christus het ook vir die nie-Jode gekom.

Jesus Christus het nie alleen vir Jode gekom nie, maar ook vir die nie-Jode (sien Jesaja 9:2; 42:6; 49:6)! Die ontferming van God deur Jesus Christus aan gelowiges in die Joodse volk het gelei tot die ontferming van God deur Jesus aan gelowiges in die nie-Joodse nasies op die aarde.

Romeine 11 het die wedersydse afhanklikheid van nie-Jode en Jode in God se verlossingsplan geopenbaar. Jesus Christus het eers gekom om die verbondsbelofte aan die etniese Joodse volk te vervul en daarna om dit ook te realiseer onder die etniese heidense volke op die aarde. Jesus Christus het dit gedoen "om die beloftes aan die voorvaders te bevestig, en sodat ook die heidene God sou verheerlik vanweë sy ontferming, "soos daar geskrywe staan (in die Ou Testament)". Met vier aanhalings uit die Ou Testament bevestig die apostel Paulus dat <u>één van die redes vir die (eerste) koms van Jesus Christus na die Jode was om ook verlossing te bring aan al die nie-Joodse volke op die aarde</u>!

- 2 Samuël 22:50 en Psalm 18:50. "Daarom sal ek U loof voor *die nasies*, Here, tot eer van U Naam 'n lofpsalm sing".
- Deuteronomium 32:43, "*Al julle nasies*, julle moet die volk van die Here roem."
- Psalm 117:1, "Prys die Here, *alle nasies*, loof Hom, alle volke."
- Jesaja 11:10; Openbaring 5:5; 22:16, "In dié tyd sal iemand uit die geslag (letterlik: wortel) van Isai 'n vaandel wees vir die volke. *Die nasies* sal na hom vra." Die Griekse vertaling van die Ou Testament sê, "Hy sal heerskappy voer oor die heidene. Op Hom sal die heidene hoop" of beter: "In Hom sal die heidene loof." Die Messias, Jesus Christus, sal oor die heidense volke gaan heers en die heidense volke sal in Hom gaan glo en met verwagting hoop op die vervulling van God se beloftes in die Ou Testament (Romeine 15:12-13; Hebreërs 11:1; sien 2 Korintiërs 1:20).

Dit het alles in die Nuwe-Testamentiese periode gebeur.

<u>STAP 3</u>. VRAAG. UITLEG

Oorweeg. WATTER VRAAG UIT DIE BYBELGEDEELTE SOU JY AAN DIE GROEP WIL STEL?
Kom ons probeer om so veel as moontlik waarhede in Romeine 15:1-33 te begryp en vrae te stel oor dit wat ons nog nie begryp nie.
Skryf neer. Formuleer jou vraag so duidelik moontlik deur gebruik te maak van vraagwoorde (wie? wat? waarom? hoe?) en skryf jou vraag in jou notaboek.
Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en hulle vraag neer te skryf, laat hulle elkeen 'n beurt kry om hulle vraag te lees.
Bespreek. Bespreek so veel moontlik van hierdie vrae met mekaar.
Die volgende is voorbeelde van vrae en aantekeninge wat die beantwoording kan vergemaklik.

15:14-19b

<u>Vraag 1</u>. <u>Wat is die kenmerke van die bediening van Paulus</u>?

***Aantekeninge*.**

Die bediening van Paulus word onder andere gekenmerk deur bemoedigings, herinnerings en nederigheid.

(1) Paulus bemoedig mense (Romeine 15:14).

Die apostel Paulus was 'n mens met baie sterk punte. Maar hy kon ook die sterk punte en vermoëns van ander Christene waardeer. In plaas van op hulle swakhede en mislukkings te konsentreer, bemoedig hy hulle met hul sterk punte en verworwenhede! In Romeine 1:8,12 het hy al die gelowiges te Rome geprys vir hul geloof. Nou in Romeine 15:14 bemoedig hy hul deur te sê dat hulle "vol goeie hoedanighede en omvattende kennis besit, en dat hulle mekaar self op die regte weg kan help."

Goedheid of goeie hoedanighede is die deug wat teenoor allerlei vorme van kwaad staan. Dit omvat opregtheid, vriendelikheid en goeie werke. Goedheid sal sterk Christene weerhou van dinge te sê en te doen wat swak Christene kwets en te gronde rig.

Kennis is die deug wat die Christelike Geloof verstaan. Dit is verwant aan die vermoë om ander mense in die Christelike Geloof te onderrig. Hier verwys dit in besonder na kennis hoe "die Ou-Testamentiese skaduwees" in "die Nuwe-Testamentiese werklikhede" deur Jesus Christus vervul is (Kolossense 2:17; Hebreërs 9:8-10; 10:1). Kennis korrigeer die swak geloofsoortuigings met betrekking tot die kontroversiële sake onder die Christene te Rome. Dus die verskille in menings of geloofoortuiginge te Rome (Romeine 14:1 tot 15:13) het regtig bestaan. Daar moes onderrig aangaande hierdie sake gegee word!

Die vermoë om mekaar op die regte pad te help is die deug wat die ander beïnvloed deur die waarheid in sy denke in te graveer (Grieks: noutheteó). Die Christene te Rome het die vermoë gehad om mekaar te waarsku om mekaar nie

te beoordeel en te veroordeel nie as hulle verskillende (afwykende) menings of geloofsoortuigings oor kontroversiële sake gehad het. Hulle kon mekaar aanspoor tot liefde en mekaar se geloof opbou.

(2) Paulus herinner mense (Romeine 15:15-16).

Die apostel Paulus herinner die Christene in Rome dat God aan hom genade gegee het "om 'n dienaar van Jesus Christus vir die heidene te wees, deur die evangelie van God as 'n priester te bedien, sodat daar uit die heidennasies 'n offergawe mag wees wat vir God aanneemlik is en deur die Heilige Gees geheilig is". Paulus gebruik Ou-Testamentiese beelde (ter wille van die Joodse Christene) om sy bediening te beskrywe. Hy beskou sy verkondiging van die evangelie aan die heidennasies as 'n heilige (afgesonderde en toegewyde) bediening van 'n priester wat offers op 'n altaar bring. In hierdie geval beskou hy die nie-Jode wat gelowiges in Jesus Christus geword het as 'n offer wat vir God aanneemlik is.

Al meer as 700 jaar vóór die tyd van die apostel Paulus het God deur die profeet Jesaja geprofeteer dat Hy "'n klompie vanuit dié wat oorbly" (Hebreeus: saried k-meat) (vanuit die Babiloniese ballingskap) (Jesaja 1:9; 10:20-23), "die ontsnaptes" (Hebreeus: peletim) sou stuur na die heidennasies wat nog nie oor die God van die Bybel gehoor het nie en sy heerlikheid (by. sy wonders) nooit gesien het nie" (Jesaja 66:19). Hulle sou die heerlikheid van God onder die heidennasies verkondig.

Op hul beurt sou "hulle (d.w.s. die gelowige heidene of Christene) ander Jode uit alle heidenvolken as 'n offer aan die HERE bring" (Jesaja 66:20-21)! Dus, die profeet Jesaja het al 700 jaar eerder geprofeteer dat die Jode en die nie-Jode mekaar sou help om tot die God van de Bybel te keer, presies soos die apostel Paulus in Romeine 11 leer! 'n Offer is alleen aanneemlik vir die Here as dit rein en heilig is. Paulus sê dat die Heilige Gees hierdie rein en heilige toestand skep. Alleen Jode en nie-Jode wat deur die Heilige Gees geheilig (d.w.s. wedergebore) is, is 'n aanneemlike offer vir die God van die Bybel.

(3) Paulus dien mense in nederigheid (Romeine 15:17-19).

Die apostel Paulus het homself beskou as een van hierdie klompie wat oorgebly het in Israel en wat God uitgestuur het om sy heerlikheid aan die heidennasies te verkondig. Maar alhoewel Paulus baie Jode en nie-Jode na Jesus Christus gelei het, sê hy in vers 18, "Ek sal dit nie waag om oor iets anders te praat as oor wat Christus deur my tot stand gebring het om heidennasies aan God gehoorsaam te maak nie. Dit het Hy deur my gedoen deur woord en daad." Paulus was nederig en het alle eer vir wat hy tot stand gebring het aan Jesus Christus gegee! Wat belangrik was, was nie wat Paulus deur Christus tot stand gebring het nie, maar wat Christus deur Paulus tot stand gebring het (sien Handelinge 14:27)! Die verkondiging van die evangelie en die bekering van baie mense tot Jesus Christus was nie die werk van Paulus nie, maar van Christus!

Jesus Christus het in woord en daad deur Paulus gewerk. Agter die woorde en dade van Paulus was "die krag van tekens en wonders" (Grieks: dunamis sémaión kai teratón) en die krag (Grieks: dunamis) van die Heilige Gees". "'n Wonder" (Grieks: sémaión) is nie alleen maar 'n wonderbaarlike gebeurtenis nie (2 Korintiërs 12:12; Galasiërs 3:5; Hebreërs 2:4), maar veral 'n spesifieke teken dat wys na die goddelike Bron waardeur die wonder plaasvind. Die tekens wat Paulus gedoen het, het na Jesus Christus gewys as die Bewerker wat die wonder moontlik gemaak het. Hierdie tekens bewys dat Jesus Christus Paulus as een van sy apostels uitgestuur het (sien Deuteronomium 34:17; Markus 16:20; Handelinge 2:43; 2 Korintiërs 12:12; Hebreërs 2:4)!

Paulus sê dat hy hierdie wondertekens gedoen het in die krag van die Heilige Gees. Dit is kenmerkend vir die apostel Paulus dat hy na die Heilige Gees verwys as hy spreek oor die verlossingseffekte van die evangelie. Dit is ook kenmerkend van die apostel Paulus dat hy die werk van die Heilige Gees nooit van Jesus Christus afskei nie (Romeine 8:9-11; 2 Korintiërs 3:17,18). Paulus weef sy onderrig rondom die funksies van die drie Persone (openbaringswyses) van die God van die Bybel en rond die onderskeidende verhoudinge van Christene tot die drie Persone van die Godheid. Die denke van Paulus is gekondisioneer deur die leer van die Drie-eenheid (Romeine 15:30; Efesiërs 4:3-6).

15:19b-21

Vraag 2. Wat was die sendingsbeleid van die apostel Paulus?

***Aantekeninge*.**

(1) Paulus gee 'n samevatting van wat Christus al deur hom tot stand gebring het.

Die apostel Paulus het die evangelie "van Jerusalem af tot in Illirikum" verkondig. Hy verwys na die oostelike en westelike uiteindes van sy verkondiging van die evangelie tot nou toe (sien 2 Timoteüs 4:10). Hy "het die verkondiging van die evangelie ten volle uitgevoer." Hy bedoel nie dat hy alles aan hulle geleer het wat hulle moes weet nie, soos in Efese (Handelinge 20:20,27), maar dat hy sy taak van die verkondiging van die evangelie in hierdie gebied ten volle uitgevoer het. Sy doel was om die fondament te lê vir die christelike gemeentes in hierdie hele gebied (1 Korintiërs 3:7,10). Dit het hy ook gedoen.

(2) Paulus verduidelik sy sendingsbeleid.

Hy sê: "Ek het my eer daarin gestel om die evangelie te verkondig waar die mense nog nie van Christus gehoor het nie, want ek wil nie op die fondament van iemand anders bou nie." Die sendingsbeleid van die apostel Paulus was om nuwe gemeentes te stig en daarna sy arbeid te versterk deur:

- gereeld te bid (1 Tessalonisense 1:2-3)
- af en toe persoonlik besoeke te bring
- briewe te skrywe
- een van sy medewerkers te stuur.

Maar dit was nie sy gewoonte om te arbei waar ander Christene al besig was gemeentes te stig nie. Paulus haal Jesaja 52:15 aan, wat in sy konteks 'n profesie is oor die wêreldwye gevolge van die verheerliking van die Messias na sy vernedering (Jesaja 52:14). Heidense nasies en hul konings sou dinge sien, hoor en verstaan wat niemand ooit voorheen aan hulle vertel het nie. Deur hierdie Bybelvers aan te haal, weet Paulus dat sy sendingswerk onder die heidene ooreenstem met die plan van God en spesifiek in die Bybel vereis word. Nietemin verwag Paulus nie dat sy sendingsbeleid ook die sendingsbeleid van ander sendelinge behoort te wees nie.

15:22-24

***Vraag 3*. Wat was die toekomstige reisplanne van die apostel Paulus?**

***Aantekeninge*.** Die feit dat Paulus eers na volke, stede en gebiede gegaan het waar die evangelie nog nie eerder verkondig was nie, was die rede waarom hy nog geen geleentheid gehad het om na Rome te kom nie. Maar nou dat sy taak in hierdie gebied van die wêreld voltooi was, het hy planne gemaak om na Rome te reis op sy reis na die verre weste, Spanje. Alhoewel die Bybel nêrens vermeld dat Paulus in Spanje was nie, vertel "die brief aan die Korintiërs" (95 n.C.) wat deur die kerkvader Clemens van Rome geskrywe is en ook 'n ander ou dokument, "die fragment van Muratorium" (170 n.C.) dat Paulus na Spanje gereis het. Paulus het gehoop om in Rome te arbei sodat die gemeente hom kon help om na Spanje te reis. Die Bybel bewys wel dat ander gemeentes die apostel Paulus op sy sendingsreise gehelp het (Handelinge 13:1-4; 14:26; 15:40; Filippense 4:15-16).

15:25-29

***Vraag 4*. Wat was die bediening van die apostel Paulus onder die armes in Jerusalem?**

***Aantekeninge*.** Voordat hy egter na Rome gereis het, wou Paulus nog eers na Jerusalem reis met die kollekte (finansiële steun) van die gemeentes in Masedonië en Agaje vir die arm Christene in Jerusalem en Judea. Hierdie werk van barmhartigheid was 'n onderdeel van die sendingswerk van die apostel Paulus. Hierdie finansiële bydrae word in vers 26 letterlik "'n gemeenskap" (Grieks: koinónia) genoem. Dit was 'n bewys van die band van gemeenskap wat tussen Christene in die wêreld geheers het. Die Christene in Jerusalem en Judea het die evangelie gedeel met mense in die heidense nasies. Nou het die Christene in die heidense nasies hul besittings (geld) gedeel met die armes in Jerusalem en Judea. Alhoewel die bydrae vrywillig van aard was, was om liefde op hierdie manier te deel met Christene in die wêreld 'n verpligting vir alle Christene in die wêreld (Romeine 15:27). Christene in die hele wêreld behoort hulle geestelike en materiële seëninge met mekaar te deel. Omdat die evangelie vanuit die Joodse Christene uitgegaan het (sien Jesaja 2:3b; 11:1; 42:1; 60:3; Johannes 4:22), was die nie-Joodse Christene verplig om hul rykdom met die armes onder die Joodse Christene te deel. Dus het die apostel Paulus geleer dat die wedersydse afhanklikheid van die gelowiges onder die Jode en die gelowiges onder die heidene (soos uitgelê in hoofstuk 11) ook prakties moes wees.

In Romeine 15:28 sê Paulus letterlik, "As ek daarmee klaar is en die volle bedrag wat ingesamel is, veilig aan hulle besorg het (letterlik: hierdie vrug aan hulle verseël het)(Grieks: sfragizó) sal ek by julle langs na Spanje toe reis.

15:30-33

***Vraag 5*. Waarom het die apostel Paulus om voorbede gevra?**

***Aantekeninge*.** In Romeine 15:30 sê Paulus, "Ek versoek julle dan dringend, broers, in die Naam van ons Here Jesus Christus en op grond van die liefde wat van die Heilige Gees kom: Stry *saam met my* deur *vir my* te bid." Dit is kenmerkend vir Paulus om mense te vra om voorbede vir hom te maak. Gebed is eintlik "'n gesamentlike stryd" (Grieks: sun agónizomai) wat Christene met mekaar moet doen. Dit is 'n worsteling teen bose geeste rondom Christene, teen die bose wêreld waarin Christene lewe en teen die sondige natuur binne in hulle. Dit is 'n worsteling omdat die deure nog gesluit was teen Christus, Christene en die christelike boodskap. Daarom het Paulus Christene gevra om te bid: "Bid dat God vir ons 'n deur vir die Woord oopmaak sodat ons die geheimenis van Christus kan verkondig ... Bid dat ek dit duidelik sal verkondig soos dit my opgelê is" (Kolossense 4:4). Omdat gebed 'n worsteling is, moet Christene mekaar hierin help.

Paulus vra gebed vir sy aanstaande reis na Jerusalem. Hy vra hulle om te bid dat hy verlos mag word van die ongehoorsame Jode in Judea. Hierdie Jode het groot weerstand teen Paulus gebied en het orals agter Paulus aan gereis om Christene tot die Jodedom te bekeer. En hy vra dat sy hulp aan Jerusalem aanvaarbaar vir die Joodse Christene sou wees. Paulus het nie verlang om 'n martelaar te word nie, maar hy het al genoeg ervaring gehad met die verskriklike wantrou waarmee die Jode die christelike sending bejeën het. Hy het waarskynlik die valse gerugte van die Jode in Jerusalem oor hom gehoor, naamlik, dat hy die Jode wat onder die heidene gewoon het probeer oor te haal om hulle van die Wet van Moses af te keer en nie langer volgens die Joodse gewoontes te lewe nie (Handelinge 21:20-21). Daar was dus rede om te vrees dat die gelowige Jode in Judea die kollekte vanuit Masedonië nie sou verwelkom nie. Maar

ondanks die enorme weerstand, het Paulus die soewereine mag van God bly erken: "As die Here wil, sal ons lewe en al ons dit of dat doen" (sien Matteus 26:39; Jakobus 4:13-17). Paulus het geglo dat niks gebeur wat nie eers die toestemming van die Almagtige God het nie. Die apostel Paulus het homself en alle gebeurtenisse in sy lewe heeltemal oorgegee aan die wil en wysheid van God.

STAP 4. DOEN. **TOEPASSINGS**

Oorweeg. WATTER WAARHEDE IN HIERDIE BYBELGEDEELTE HET MOONTLIKE TOEPASSINGS VIR CHRISTENE?

Deel en skryf neer. Kom ons hou 'n dinkskrum en stel 'n kort lys saam van moontlike toepassings uit Romeine 15:1-33.

Oorweeg. WATTER MOONTLIKE TOEPASSING WIL GOD HÊ DAT JY PERSOONLIK MOET TOEPAS?

Skryf neer. As jy 'n persoonlike toepassing maak, skryf dit dan neer in jou Bybelstudie notaboek. Het jy die vrymoedigheid om hierdie persoonlike toepassing met andere te deel of nie?

(Let wel dat hoewel 'n waarheid dieselfde bly, daar 'n hele aantal verskillende toepassings van hierdie waarheid moontlik is. Hier volg 'n lys van moontlike toepassings.)

1. Voorbeelde van moontlike toepassings uit Romeine 15:1-33.

15:1-2. Soek die guns van jou naaste deur sy gewetensbesware met betrekking tot die kontroversiële sake te verdra en hom op te bou.

15:4. Lees en bestudeer die Ou Testament, omdat alles in die Ou Testament geskrywe is om Christene in die Nuwe Testamentiese periode geduld, verdraagsaamheid en volharding te leer. Christene word bemoedig deur wat God in die verlede gesê en gedoen het.

15:5. Besef dat christelike eenheid alleen kan kom wanneer God Christene onderling eensgesindheid gee in ooreenstemming met Jesus Christus (d.w.s. as hulle Hom bly volg)! Sonder dissipelskap (groei na volwassenheid)(1 Korintiërs 3:3-4; Efesiërs 4:13-14) kom daar geen eensgesindheid onder Christene in 'n gemeente en ook nie onder christelike gemeentes onderling nie.

15:7 Aanvaarding is nie dieselfde as verdraagsaamheid nie. Die christelike standaard vir aanvaarding is niks minder as die manier waarop Jesus Christus ons aanvaar.

15:14 Ontwikkel die vermoë onder Christene in die gemeente om mekaar tereg te wys (sien Kolossense 3:16).

15:14-15. Hou nooit op om invloed te hê op jou mede-Christene nie. Bemoedig hulle deur opregte komplimente te gee. En herinner hulle telkens weer aan die genade van God.

15:18. Verheerlik God deur te vertel wat Jesus Christus deur jou tot stand gebring het in plaas van wat jy deur Christus tot stand gebring het.

15:19-20. Laat die sendingsbeleid van die apostel Paulus jou uitdaag om die evangelie te versprei op plekke waar dit nog nooit voorheen versprei is nie.

15:24. Maak planne wat jy in die toekoms wil doen, maar vertrou altyd jou werk aan die Here toe (Spreuke 16:3).

15:27. Deel jou geestelike en materiële seëninge met mede-Christene, veral met hulle wat hierdie dinge die meeste nodig het.

15:30. Worstel saam met ander Christene in gebed tot God vir hulle.

2. Voorbeelde van persoonlike toepassings uit Romeine 15:1-33.

Ek wil die swakhede en mislukkinge van mede-Christene in die gemeente verdra.

Ek wil met mede-Christene worstel in gebed vir arbeiders, vir oop deure en vir oop harte.

STAP 5. BID. **REAKSIE**

MAAK BEURTE EN BID TOT GOD OOR ÉÉN WAARHEID WAARMEE GOD JOU AANGESPREEK HET in Romeine 15:1-33.

(Reageer in jou gebed op iets wat jy gedurende die Bybelstudie geleer het. Oefen jouself om kort te bid, bv. deur net één of twee sinne te bid. Elkeen in die groep sal oor verskillende dinge bid.)

5	**GEBED** (8 minute) ***[VOORBIDDING]*** **BID VIR ANDERE**

As daar tyd is gaan voort met bid in groepies van twee of drie persone. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

6	**VOORBEREIDING** (2 minute) ***[OPDRAGTE]*** **VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS**

Deel die voorbereiding vir die volgende byeenkoms uit op 'n stukkie papier of laat die groeplede dit afskryf.

1. Toewyding. Wy jou daaraan toe om steeds dissipels te maak, die gemeente van Jesus Christus op te bou en die Koningskap van Jesus Christus te verkondig.

2. Verkondig, onderrig of bestudeer die Bybelstudie uit Romeine 15:1-33 saam met ’n persoon of ’n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer ’n halwe hoofstuk per keer uit **Hosea 2, Joël 2, Amos 5 en Jona 1.** Maak gebruik van die uitgekose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memorisering. Mediteer en memoriseer die nuwe Bybelvers: **(20) Romeine 16:17.**
   Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. Onderrig. Berei **die gelykenis van “die skape en die bokke”** in Matteus 25:31-46 tuis voor. Maak gebruik van die ses riglyne vir die uitleg van gelykenisse.
6. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifieks hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
7. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memorisering, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.